Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | www.janvanriebeeck.co.za | hs_jvr |

**KENNISGEWING:** **2026 BEGROTINGSVERGADERING**
**TYD:** Maandag 24 November 2025 om 18:00
**PLEK:** Skoolsaal, Hoërskool Jan van Riebeeck

Beste ouers en belangstellendes,

Die Hoërskool Jan van Riebeeck se begrotingsvergadering is vanjaar op Maandag, 24 November, om 18:00 in die skoolsaal.

Ek sal die aand open en deel graag met julle:

- ons toekomsplanne, beginsels en prioriteite waarvolgens ons die pad na verdere en volgehoue uitnemendheid gaan bestuur;
- konteks vir ons skoolfooiverhoging;
- ’n oorsig van die werking van die beheerraad en die JvR 100 Gedenktrust.

Hierna gaan ons tesourier, Izak Swanepoel, die skoolbegroting aanbied vir goedkeuring waarnaas ons skoolhoof, Pieter Rademeyer, die aand sal afsluit.

Daar sal na afloop van die vergadering drankies bedien word by ons amfiteater.

Ons hoop om heelwat van ons ouers te sien en nooi ook ons ouers van die Laerskool Jan van Riebeeck wat belangstel in ons doen en late om by te woon.

Die formele agenda soos vereis deur die Skolewet volg op die volgende bladsy.

Beste wense, en voorspoed aan ons matrieks met die eindeksamen wat voorlê!

______________________
Merwe Scholtz
Voorsitter van die Beheerraad
23 Oktober 2025

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN 'N ALGEMENE VERGADERING VAN OUERS BELÊ VIR MAANDAG, 24 NOVEMBER 2025 OM 18:00 IN DIE SKOOLSAAL VIR GOEDKEURING VAN DIE SKOOLBEGROTING VIR 2026.**

**AGENDA:**

1. Opening deur die voorsitter
2. Notule van die vorige vergadering gehou op 25 November 2024
3. Voorlegging van die begroting vir 2026 deur die tesourier
4. Bespreking en vra vir die voorsitter en tesourier
5. Stemming*
6. Afsluiting deur die skoolhoof

---

*Stemming ten opsigte van die volgende punte:

6.1 bedrag van die skoolgeld wat gehef staan te word;
6.2 maatstawwe en prosedures vir die algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van ouers wat nie in staat is om skoolgelde te betaal nie;
6.3 die begroting as geheel

| | |
|---|---|
| 2025 skoolgelde | R 49,350 |
| Voorgestel vir 2026 [12% verhoging] | R 55,272 |
| 2025 koshuisgelde | R 54,500 |
| Voorgestel vir 2026 [9% verhoging] | R 59,405 |

- Volgens BELA-wetgewing moet daar 'n kworum wees van 10% van ons ouerkorps.
- 'n Mosie sal voorgestel word vir die goedkeuring van elk van die genoemde sake individueel.
- Vir goedkeuring word vereis dat 'n meerderheid van die stemgeregtigde ouers teenwoordig, wat stem, ten gunste van elke voorstel stem.
- Die besluit by die ouervergadering geneem sal op alle ouers bindend wees.
- Slegs ouers van Hoërskool leerders sal in ag geneem word met die bepaal van 'n kworum en stemtelling.

Die begroting vir 2026, wat reeds deur die beheerliggaam goedgekeur is, sal vir 14 dae voor die vergadering, m.a.w. vanaf 10 November 2025, by die skool ter insae wees.

Die kriteria en prosedures wat gevolg moet word om vrystelling van skoolgeld – hetsy algeheel, gedeeltelik of voorwaardelik – te kry, is by die skool verkrygbaar.

---